
DEEL 117 | WEEK 4 | 24 JANUARIE 2025 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR







# Wees paraat

## *Vergiftigde honde saai paniek*

Heilbron is die afgelope week deur 'n vlaag van misdaad geruk, wat inwoners ontsteld en bekommerd gelaat het oor die veiligheid van die gemeenskap. Hennie Booysen, 'n inwoner van Tienie Groblerstraat, het sy ontsteltenis op Facebook gedeel en gevra: "Wat word van ons rustige kleindorpies?" Volgens hom het die tragedie vroeg Sondagoggend omstreeks 01:30 begin toe 'n boodskap oor vergiftigde honde op 'n plaaslike WhatsApp-groep versprei is. Jannie du Preez se sekuriteitskameras het twee mans vasgevang wat glo vleis met gif oor verskeie erwe gegooi het. Vyf erwe is so besmet, wat gelei het tot die dood van agt honde. 'n Inwoner van Ringerstraat was ook 'n teiken.

Dieselfde aand is Annemarie Hayward, 'n inwoner van die Vegkop uitbreiding, se Kia-Bakkie gesteel. Volgens Annemarie was sy nie tuis nie, aangesien sy en haar man 'n doopdiens elders bygewoon het. Ané Stemmett, wat na die honde moes omsien, het Saterdagaand omstreeks 20:00 die honde na hulle slaapplek ingevat. Toe sy die volgende oggend weer na hulle gaan omsien, het sy gevind dat die hek van sy spoor af was en dat die hekmotor oopgebreek is. Die skurke het die hek oopgemaak en met die voertuig gevlug. Die saak is by die polisie aangemeld en ondersoek is ingestel. Die voertuig is later in Oranje Farms lokasie gevind, uit mekaar gehaal.

Die misdaadgolf het Woensdagmiddag voortgeduur toe Laetitia Moolman, wat op die hoek van Tienie Grobler- en Heilstraat woon, se honde ook vergiftig is. Sy het op 'n kliënt gewag toe haar seun die reeds dooie hond op die erf ontdek het. Sy het haar ander twee honde binnenshuis geneem en vir hulle *charcoal* ingegee en ietsie om te eet, maar kort daarna is nog een van haar honde oorlede. Die enigste oorlewende hond het later begin opbring en is dadelik na 'n veearts in Frankfort geneem vir noodhulp. Moolman het haar erf deursoek, maar geen ander gif opgespoor nie.

Die inwoners is diep bekommerd oor die vlaag misdaad en vra waarom hul gemeenskap geteiken word. Van die vyf straatligte in die area werk slegs twee. Hierdie swak dienslewering is wat dit vir misdadigers makliker maak om in die donker te werk.

Die gemeenskap het 'n noodvergadering belê om moontlike oplossings te bespreek. Tampies Swart van die Dorpwag het bevestig dat hulle sekuriteitskameras aangeskaf het en beplan om dit teen volgende Vrydag in Tienie Groblerstraat en Hospitaalstraat te installeer afhangend van die wyk se samewerking.

Die wreedheid van die vergiftiging van onskuldige diere en die toename in misdaad het die gemeenskap geskok. Inwoners word versoek om waaksaam te wees en enige verdagte aktiwiteite onmiddellik by die polisie aan te meld.









# Ozempic en ander gewigsverlies middels: *Voor- en Nadele*

In 'n wêreld waar vetsug 'n groeiende gesondheidskwessie is, neem mense dikwels hul toevlug tot medikasie om gewig te verloor. Een so 'n middel wat onlangs baie aandag gekry het, is Ozempic, 'n medikasie oorspronklik bedoel vir tipe 2-diabetes, maar wat ook effektief is vir gewigsverlies. Hier kyk ons na die voor- en nadele van Ozempic en ander gewigsverliesmiddels.

**Voordele van Ozempic en ander gewigsverlies middels**

**1. Effektiewe gewigsverlies**

Ozempic en ander middels soos Wegovy en Saxenda kan help om aansienlike gewigsverlies te bewerkstellig, veral vir mense met hoë liggaamsmassa-indekse (BMI's). Dit werk deur eetlus te verminder en bloedsuikervlakke te stabiliseer.

**2. Verbeterde metaboliese gesondheid**

Benewens gewigsverlies kan hierdie middels ook help met bloedsuikerbeheer, wat veral voordelig is vir mense met pre-diabetes of tipe 2-diabetes.

**3. Verminderde risiko van siektes**

Aangesien gewigsverlies gekoppel is aan 'n laer risiko vir hartsiektes, beroertes en hoë bloeddruk, kan hierdie middels indirek help om die kans op ernstige gesondheidstoestande te verminder.

**4. Verbeterde lewenskwaliteit**

Vir mense wat al lank sukkel met gewigsverlies, kan hierdie middels 'n positiewe impak op selfbeeld, mobiliteit en algehele gesondheid hê.

**Nadele en Risiko's**

**1. Newe-effekte**

Ozempic en soortgelyke middels kan naarheid, braking, diarree en hardlywigheid veroorsaak. Sommige mense ervaar ook maagpyn of 'n verlies aan eetlus wat ongemaklik kan wees.

**2. Koste en toeganklikheid**

Hierdie medikasie is dikwels duur en word nie altyd deur mediese fondse gedek nie. Dit kan dit vir baie mense onprakties maak as 'n langtermyn-oplossing.

**3. Gewigsherwinning na beëindiging van gebruik**

Baie mense vind dat hulle gewig herwin sodra hulle ophou om die medikasie te gebruik. Dit beteken dat lewenstylveranderinge steeds noodsaaklik is vir volgehoue resultate.

**4. Moontlike gesondheidsrisiko's**


Daar is kommer oor langtermyn-impakte op pankreas- en skildkliergesondheid. Sekere middels het ook waarskuwings vir moontlike ernstige komplikasies, en dit is belangrik om met 'n dokter te konsulteer voor gebruik.

**Gevolgtrekking**


Gewigsverlies middels soos Ozempic kan 'n nuttige hulpmiddel wees vir mense wat sukkel met gewigsbestuur, maar dit is nie 'n kitsoplossing nie. Dit is belangrik om 'n gesonde dieet en oefening as deel van enige gewigsverliesstrategie in te sluit. Voor jy enige medikasie oorweeg, raadpleeg jou dokter om die beste opsie vir jou spesifieke gesondheidstoestand te bepaal.

'n Voorspoedige Nuwe Jaar vir elke bloedskenker

Sluit aan by die eerste bloedskenk geleentheid in Heilbron vir 2025



Skenk bloed in Heilbron
Dinsdag, 28 Januarie 2025
NG Suid Kerksaal - 13h00 – 19h00
Jou bloed red lewens.




# Gerbus wen VKB Kompetisie




*Gerbus Swart kon sy oë skaars glo toe sy naam aangekondig word as die wenner van die gesogte Springbok-hemp. Inwoners wat aan die kompetisie wou deelneem moes 'n sak Ideal-hondekos koop om in aanmerking te kom vir die trekking. Die kompetisie het talle deelnemers gelok, maar dit was Gerbus wat uiteindelik met die prys weggestap het. Gerbus beplan nou om sy nuwe hemp met trots te dra tydens die volgende groot rugbywedstryd.*

*Op die foto vl: Pieter Bronkhorst (Bestuurder van VKB) en Gerbus Swart.*

# UIT DIE PEN: Week 4




Ek weet nie of daar 'n goeie Afrikaanse woord is vir "entitlement" nie. *Google Translate* weet dit ook nie.
Die maatskappy vir wie ek werk het elke ses maande toetse wat ingeskrewe kandidate moet aflê. Die persone is gewoonlik tussen 17 en 23 jaar oud. Hulle kan ook van ander diensverskaffers gebruik maak. Daar is natuurlik 'n keuse: hulle hoef nie van ons maatskappy gebruik te maak nie.
Op agtienjarige ouderdom kan hierdie persone stem en hulle kan voortplant. Ek dink laasgenoemde is wat my die meeste pla. Dat daar 'n generasie gaan wees waar hierdie persone hulle gene gaan oordra na die volgende generasie en dat die volgende generasie net so erg, of dalk erger, gaan wees as die huidige agtienjariges.
Ek het al gehoor van *helikopterouers*. Ons goeie vriend *Google* verduidelik hierdie term as volg:
*A helicopter parent (also called a cosseting parent or simply a cosseter)* is *a perjorative, colloquial term for a parent who is overattentive and overly fearful of their child's experiences and problems, particularly outside the home and at educational institutions.*
Bogenoemde is vreeslike groot woord vir 'n ouer wie aanmekaar oor hulle kinders se skouers loer, hulle kinders se gevegte veg en namens hulle kommunikeer.
Moenie my verkeerd verstaan nie: ouers moet vir hulle kinders se regte veg, maar met 'n gesonde verstand. En binne perke.
Verlede jaar, min of meer hierdie tyd, is ons oorweldig met telefoonoproepe oor uitslae. Meestal was dit die ouers wat geskakel of gekla het. Of geskree het.
Ek het een ouer die *Screeching Eel* genoem. Sy het geskree vandat sy uit die hysbak gekom het totdat sy weer terug was in die hysbak. Haar seun, amper negentienjaar, het saamgekom. Tydens ons afspraak het die seun in die gang op die bank gesit en doodluiters met een van my kollegas gesels. Oor flieks en meisies en klere. Terwyl sy ma aangehou skree het. Soos 'n vark wat besig is om geslag te word.
Die *Screeching Eel* het 'n t-hemp aangehad met die embleem van die instansie waar sy gewerk het. Dit was 'n kruis binne-in 'n son, of so iets. Maar kruis was daar definitief.
Ek vra toe of dit haar werksplek se embleem was. Ja, sê sy, en begin my verduidelik dat die kruis verwys na die Christelike karakter van die plek waar sy werk. Ek kon my reaksie nie help nie. "Kry jy nie skaam om so 'n hemp te dra en dan sò 'n embleem te dra nie?"
Ek weet dit was 'n lae hou, maar ter verdediging: geen mens kan so 'n skreeuende vrou hanteer nie.
Die vergadering was baie gou verdaag. Ek het nie weer van haar gehoor nie.
My een kollega sê altyd dat elke ouer glo dat sy donkie 'n *Julywenner* is. Ek kan nou nie daarop kommentaar lewer nie, want ek het nie kinders nie.
Ek het dit hierdie jaar weer gesien. Nie die *Screeching Eel* nie, maar 'n *helikopterpa*. Ja, 'n pa.
Dit het so gebeur: ons hek is toe. Enige besoeker is welkom, solank jy vooraf 'n afspraak gemaak het. Amper soos by 'n dokter of 'n prokureur. Ons is net so professioneel. Altans, ons probeer.
Die sekuriteitswag laat weet my dat daar iemand by die hek is. Ek vra die wag of ek met die pa kan praat.
Al wat ek hoor, is 'n geskree. Soos 'n ding wat gebrandmerk word.
Maar jy onthou mos nog dat ek effens stadig loop as gevolg van die ou beserinkie verlede jaar. My kollega staan reeds buitekant, so ook die opsigter, 'n werker en die sekuriteitswag. Die pa hou sy foon asof hy 'n video neem, so ook die seun. Wat definitief ouer is as 18 jaar. En hy kan voortplant. Dink ek.
Die man skree en vertel dat ons niemand kan of wil help nie. *Identify yourself*! Skree hy. *Are you representing this organization?* Skree steeds. *In what capacity?*
Ek is seker dat die polisiestasie (wat nie die 10111 nommer geantwoord het nie) kon dit hoor.
*And do you know that I am intelligent?*
Nee, ou, vertel my meer?
*I have a degree in engineering and a master's degree. I am not stupid.*
*Yes, and the lady doth protest too much, me thinks,* val William Shakespeare my denke in die rede.
Hy hou aan skree. Ek vra baie mooi hoe ek hom kan help, en uiteindelik gaan ons in vrede uitmekaar.



Die volgende oggend vertel een van my kollegas my dat ek op sosiale media is. Die seun se video het die paal gehaal. Daar was een kommentaar wat gesê het dat ek eerder sus of so moes gehelp het. Baie kommentare sê dat ek professioneel en kalm was. Meer kommentare sê dat die man, met die meestersgraad, nie soos 'n ingenieur opgetree het nie.
Vroeg die volgende oggend sien ek dat die persoon wat die video geplaas het, die kommentare gesluit het.
Ek wens, o, ek wens, dat *helikopterouers* deur 'n spieël na hulself kan kyk.
Die arme kind wat in die gang gesit het, moes hom seker geskaam het vir die *Screeching Eel*.
Die ander kind wie se pa so op my geskree het, moes ook seker so effens skaamgekry het. Of dalk nie, want hy was nie skaam om die video op sosiale media te plaas nie.
Maar as hy die kommentaar gesluit het, was hy seker nie heeltemal tevrede met die kommentare nie. Ek weet ook nie.
Ek wens eerstens dat niemand weer op my sal skree nie. Veral nie as ek nie kan help dat die persoon nie 'n *Julywenner* is nie. Tweedens wens ek dat niemand ooit hulle ouers (of hulle kinders) op ander sal hoor skree nie.
Mag ons tog net nooit skaam kry vir mekaar nie.

# Troukoors



Corjan en Zeldine Roos het op 18 Junuarie 2025 die knoop deur gehak te Oranje Gasteplaas. Corjan is die geliefde seun van Jeff en Nonna Roos van Heilbron, en Zeldine is die geliefde dogter van Frikkie en Elouise Botma van Bothaville. Ds Petrus Fouché het die huwelik bevestig. Die pasgetroude egpaar begin hul nuwe lewe saam op die plaas Schoongezicht in Heilbron.

Tydens die huweliksviering het Ansuné van Eck die heildronk op die bruid en bruidegom ingestel en afgesluit met die volgende seënende woorde:

*"Mag die Here julle seën en bewaar.*
*Mag Hy Sy aangesig oor jul laat skyn*
*en julle vrede gee.*
*Mag Sy guns rus oor jul lewe.*
*En 'n duisend generasies.*
*Jul familie en kinders en ook hulle kinders.*
*Mag God julle huwelikspad vooruit gaan,*
*agter julle staan en langs julle staan.*
*Mag Hy deur elke seisoen met julle wees."*



# Hoërskool Reitz vereer vir uitstekende NSS-prestasies

Hoërskool Reitz is tydens die gesogte "Well Done"-funksie in Bloemfontein vereer vir hul uitmuntende prestasie in die 2024 NSS - eksamen.

Die skool het met trotse prestasies uitgestyg en erkenning ontvang vir hul harde werk en toewyding aan akademiese uitnemendheid. Hierdie eerbewys dien as 'n bewys van die deursettingsvermoë en toewyding van beide leerders en onderwysers.

Die skoolgemeenskap vier hierdie merkwaardige mylpaal en sien uit na nog groter suksesse in die toekoms.

# Rao Ali aangewys as T20-speler van die liga

Heilbron Krieket se talentvolle paaltjiewagter, Rao Ali, is met trots aangewys as die T20-speler van die liga na sy indrukwekkende prestasies. Ali het in slegs vyf wedstryde 122 lopies aangeteken en sy vermoë agter die paaltjies met vier vangskote en drie stonke bewys.

Die afgelope naweek se wedstryd teen Meyerton was egter 'n uitdaging vir die Heilbron-span. Meyerton se kolwers het die boulers onder druk geplaas en vinnig die teiken van 133 lopies ingehaal. Hendry Viljoen, wat met uitmuntende boulwerk uitgestaan het, is aangewys as speler van die wedstryd.

Die Heilbron-span sien nou uit na hul volgende wedstryde, wat op die volgende twee Saterdae by Hoërskool Heilbron se veld aangebied word. Hulle sal teen die Route 66 Mustangs en Sasolburg kragte meet in 35-beurt wedstryde wat om 13:00 begin.

Die gemeenskap word hartlik uitgenooi om die span te ondersteun en die dag te geniet. Bring gerus jou braai saam en kuier langs die veld terwyl jy die opwinding van plaaslike krieket ervaar!



# Ontdek verborge skatte by die opkomende Rykdom en Reliek geleentheid by Riemland Museum

• *Lanzo Soothill*

**Is jy 'n versamelaar, geskiedenis-entoesias, of net iemand wat hou van die bekoring van vervloë tydperke?**

Merk jou kalender vir die opkomende Rykdom en Reliek-geleentheid, 'n dag gevul met nostalgie, ontdekking en opwinding vir alle ouderdomme. Hierdie hoogs verwagte geleentheid is die perfekte geleentheid om jou familie-erfstukke en versamelstukke te bring en dit deur ervare kenners te laat evalueer.

**Wat om te Verwag:**

**Kennerswaardasies**

Bring jou antieke items, versamelstukke en unieke items vir 'n professionele evaluasie. Of dit 'n familie-erfstuk, vlooimarkvonds of lank-vergete solder-skat is, ons span kundiges sal insigte verskaf oor sy geskiedenis, oorsprong en waarde.

**Opvoedkundige Sessies**

Leer meer oor die fassinerende stories agter gewilde antieke items en die tendense wat vandag se versamelmark vorm.

**Handelaarsmark**

Blaai deur 'n eklektiese mark vol outentieke items en unieke versamelstukke. Dit is die perfekte plek om iets spesiaals by jou eie versameling te voeg.

Met hierdie geleentheid beoog ons ook om fondse in te samel vir die herstel van die Museum-gebou.

Ons nooi graag inwoners van Heilbron, Frankfort, Reitz en Petrus Steyn uit om deel te wees van hierdie spesiale dag.

**Besonderhede:**

Kaartjies kos R30.00 per persoon, en kinders onder 12 kry gratis toegang.

Sien julle daar!







# Verwelkom hul kleuters terug



*Verlede week Woensdag het Kleuterkasteel hul kleuters met ope arms terug verwelkom vir 'n nuwe jaar vol leer en speel. Die onderwysers het elke kind vriendelik gegroet en hope foto's is geneem om die spesiale oomblik vas te vang. Vir sommige kleuters was dit 'n blye weersiens met maats en juffrouens, terwyl ander 'n paar traantjies van hartseer en opgewondenheid gestort het. Dit was 'n dag vol emosie, maar ook vol beloftes van nuwe herinneringe en avonture wat voorlê.*

# Hoërskool Heilbron se Top 10 presteerders




























COC'S/ELECTICAL CERTIFICATE OF COMPLIANCE
WIRING & RE-WIRING
OFF-GRID SOLAR INSTALLATIONS
INDOOR/OUTDOOR LIGHTING

ULECTRIC
SOLAR AND ELECTRICAL

ELECTICAL REPAIRS
FAULT FINDING
EQUIPTMENT REPAIR
SOLAR BOREHOLE PUMPS
BACKUP SYSTEMS

Jannie 072 279 9299
WE DO COMMERCIAL AND RESIDENTIAL
Ulectric 084 499 9937

HERALD Sport

# Heilbron Mini-Epic vier 10 jaar van pret en uithouvermoë




Op 11 Januarie 2025 het die 10de Heilbron Mini- Epic plaasgevind, 'n sportiewe mylpaal wat 'n dekade van harde werk en deursettingsvermoë gevier het. Altus Muller, die brein agter hierdie unieke uitdaging, het 10 jaar gelede die eerste Mini-Epic georganiseer en sedertdien speel hy 'n sentrale rol in die sukses daarvan.








*Op die foto bo en onder vl: Colett Els en Altus Muller.*

Hierdie jaar het modder en reën die aantal deelnemers 'n bietjie beïnvloed, maar dit het geensins die gees van die Mini-Epic gedemp nie. Die uitdagende roete, wat by Donsveertjie begin en geeïndig het, het oor 'n tydperk van 10 ure gestrek. Elke deelnemer kon op hul eie tyd begin en stop – 'n element wat hierdie byeenkoms so spesiaal maak.

Vir die eerste keer is drawwers en stappers by die Mini-Epic betrek, wat 'n nuwe dimensie aan die dag se aktiwiteite verleen het. Die Skeerstoor, Bronnies Kleuterland en Eden Dried Fruit and Nuts, het ook stalletjies opgestel, en besoekers het hulself gate uit geniet.

Met soveel entoesiasme en opwinding beloof die organiseerders om volgende jaar weer groot te gaan!

**Wenners van die heel eerste rondte:**
1. Colett, 2. Neels, 3. Warren, 4. Altus, 5. Morné

**Wenners van dames stap/draf:**
1. Tracy – 5 rondtes, 2. Natasha – 5 rondtes, 3. Jennika & Lané – 1 rondte

**Wenners van mans stap/draf:**
1. Tinus – 1 rondte

**Wenners van dames fietsry:**
1. Eldine – 13 rondtes, 2. Colett – 12 rondtes, 3. Marietjie – 11 rondtes
4. Jozann – 10 rondtes

**Wenners van mans fietsry:**
1. Warren – 14 rondtes, 2. Morné – 12 rondtes, 3. Altus & Neels – 10 rondtes.

Tydens die Mini Epic was daar ook 'n fotokompetisie waar deelnemers fotos op hulle roete moes instuur. Jozann het as wenner weggestap.

('n Spesiale vermelding aan Steve, wie se mieliepitte ongelukkig deurmekaar geraak het, maar hy het beslis meer as 10 rondtes voltooi!)

Met 'n dekade van sukses agter die rug, sien Heilbron se sportentoesiaste uit na nog 10 jaar van Mini-Epic avonture.

PitStop vir Jesus bied aan
"In samewerking met God"
Spreker: Jan Curtin
8 Februarie 2025



Gratis Ingang & Ete
NG-Suid Kerksaal, Heilbron
om 13:45
Bespreek teen 5 Feb
Tanya: 083 975 8264
Alet: 060 518 1775
PitStop vir JESUS

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 27 JANUARIE 2025**
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

**DINSDAG - 28 JANUARIE 2025**
VERKYKERSKOP Maandelikse veiling
Kontak Marthinus Theunissen 076 420 4115

DEVON Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241

CAROLINA: FJ COMBRINCK
ALGEHELE UITVERKOPING
11:00, plaas Goedehoop
Kontak Rocco van Rooyen 082 799 2776

**WOENSDAG - 29 JANUARIE 2025**
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776

ROODEDRAAI Kwartaallikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242

DUNDEE Spesiale veiling
Kontak Enrico Williams 078 937 0923

BULTFONTEIN: JOHAN NAUDÉ TRUST
& KAREENEK BOERDERY
Staak veeboerdery
11:00, plaas KareeNek
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

**DONDERDAG - 30 JANUARIE 2025**
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979

DUNDEE Twee-weeklikse veiling
Kontak Enrico Williams 078 937 0923

POTCHEFSTROOM: PBC TRADING
STAAK BEESBOERDERY
11:00, plaas Vlakfontein
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

**VRYDAG - 31 JANUARIE 2025**
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

**SATERDAG - 1 FEBRUARIE 2025**
KROONSTAD: JOHANRI DORMERS
PRODUKSIEVEILING
11:00, Kroon Boma
Kontak Wilbur Meyer 082 349 3189

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za

BOERE BANDE
Our quality is our pride!
24/7 SERVICES
BALANCING & WHEEL ALIGNMENT
AUTO, TRUCK & TRACTOR TYRES
FIELD SERVICES
FIT & REPAIR
BATTERIES
Heilbron, Langmarkstr. 22
058 853 0550 | After Hours: 082 552 9261
Frankfort, Barett str. 16
079 209 0750
After Hours: 079 180 4337
Villiers, Arbeider str. 1
066 422 1866
After Hours: 066 422 1866